September 2025

# Nuus Brief


1 Mandela dag – ons bring menswaardigheid

2 Mandela dag 2

3 Fundisa Vroeë Kinderontwikkeling

4 Entrepreneurs opleiding en opknapping

5 A re Bale – Kom ons lees

6 Groentetuin opleiding

7 Groen Kameelperd

8 Gholfdag

9 Dankie aan ons vrywilligers

10 Raak deel


**Goeie dag Kamcare vriend, dit is vir ons 'n voorreg om ons nuus van die laaste paar maande met julle te deel. Dankie dat jy deel is van ons familie.**

## 1 Mandela dag – ons bring menswaardigheid

Hierdie was 'n groot fees en wonderlike projek wat werklik menswaardigheid gebring het. Vier organisasies het saamgewerk om hierdie projek 'n sukses te maak. Kamcare het 4 kleuterskole geïdentifiseer wat deel is van ons Fundisa ECD program, hierdie kleuterskole het nie toilette gehad nie. Enviro Loo het 10 toilette geïnstaller en We Buy Cars het alles moontlik gemaak met hulle befondsing. Groot FM het ons almal bymekaar gebring en die projek vir ons bemark. Kyk gerus na die insetsel op die Groot Ontbyt of die radio onderhoud vir indien jy meer wil weet.



*Voor veranderings*



*Na veranderings*

## 2 Mandela dag 2

Nog 'n Mandela dag projek wat ons gehad het was PtOps wat vir elkeen van die 62 kleuterskole ingeskakel by ons, 2 kospakke gegee het. Hierdie kospakke bring groot verligting vir die kleuterskole omdat dit kos is wat hulle andersins moes koop wat hulle nou geskenk gekry het. Baie dankie PtOps, julle het 'n groot verskil gemaak!

# 3 Fundisa Vroeë Kinderontwikkeling

Twee weeklikse opleiding van onderwysers vind plaas. Die kleuterskool onderwysers het die afgelope jaar gewerk aan die Botswadi Ouerleidingsprogram wat baie gesprekke losgemaak het oor die veranwoordelikheid van ouers en hoe om 'n gebalanseerde en verantwoordelike kind groot te maak wat 'n aanwins is vir sy gemeenskap.
Ons het ook 'n inkleurkompetisie vir die kinders gehou om boomplantdag te vier. Hier kon ons sien wat die impak is van ons onderwyser opleiding aan hierdie kinders.
Ons bedank graag vir Beeld Kinderfonds wat dit vir ons moontlik maak om hierdie opleiding aan te bied. Hierdie program maak 'n verskil aan meer as 2000 kinders en bereik 263 kleuterskool personeel en onderwysers.



Beeld Kinderfonds

# 4 Entrepreneurs opleiding en opknapping

Gedurende die jaar het ons opknappings gedoen by Twinkle Stars kleuterskool in Refilwe. Plafonne is ingesit, geute aangekoop en gemonteer, 3 klasse en die buitekant van die skool is geverf. Die kinders het ook nou 'n pragtige geverfde "teerpad" om op te speel. Slaap matrasse vir die kinders is ook geskenk. Die belangrikste hiervan is ook die entrepreneurskapsvaardighede wat oorgedra is aan die hoof van die skool. Dit stel haar in staat om haar kleuterskool soos 'n besigheid te bedryf en vir haar en haar gesin 'n inkomste te verseker. As jy of jou besigheid wil help om nog 'n kleuterskool so te verbeter, kontak asb vir Liezel by 072 150 3994.



# 5 A re Bale – Kom ons lees

Hierdie vlagskip program van Kamcare is werklik 'n seën en maak so 'n groot verskil aan kinders wat glad nie andersins sulke geleenthede het nie. Kinders word geleer om te lees, wat hulle 'n massiewe opvoedkundige voorsprong gee bo kinders wat in dieselfde omstandighede groot word. Onafhanklik lees word aangeleer deur die kinders en dit word met elke les aangemoedig en wanneer hulle dit bereik is dit 'n baie groot prestasie. Ons is Beeld Kinderfonds ewig dankbaar vir die geleentheid wat hulle, deur ons aan hierdie kinders bied.





# 6 Groentetuin opleiding



Pt Operational Services (Pty) Ltd
Proud Operator of:
Bakwena

Lente is in die lug en ons kon nie anders as om weer groentetuin opleiding by Kamcare aan te bied nie. Karabo het homself weereens oortref met deeglike opleiding op 5 September by ons kantore en dan het hy vir PtOps groentetuin opleiding gaan aanbied op 8 September in Dinokana naby Zeerust. Dit was vir 'n groep gemeenskapslede wat met PtOps se hulp 'n groentetuin begin het. Dit was 'n goeie en baie leersame ervaring vir almal





# 7 Groen Kameelperd

Kom loer gerus in by ons Groen Kameelperd "thrift" winkel, waar jy net mooi enige iets kan kom koop teen 'n baie bekostigbare prys. Die winkel is op ons perseel en is gedurende die weeksoggende oop sowel as Sondae vanaf 10:00-11:00. Kom loer gerus in en ondersteun ook so ons verskillende projekte!




# 8 Gholfdag

Kamcare se gholfdag van 29 Augustus was weereens 'n groot sukses en was dit 'n wonderlike geleentheid vir pret, samesyn en lekker gholf. Ons bedank elke vrywilliger wat gehelp reël het aan die dag, elke uitstaller en speler wat die dag besonders gemaak het. Ons is ook dankbaar vir al die pryse wat die spelers gewen het, maar die blyste speler was beslis die "Longest Day" prys vir die man wat maar eerder moet ophou gholf speel en tuinmaak oorweeg. As jy nie daar was nie, het jy uitgemis en moet jy maar volgende jaar aansluit.



# 9 Dankie aan ons vrywilligers



Sonder ons vrywilligers gaan ons organisasie sukkel om voort te gaan. Graag wil ons baie dankie sê vir elke vrywilliger wat 'n verskil by Kamcare maak, hetsy deur die skenk van kos vir ons kospakkie projek, help reël aan ons gholfdag, skenking van 'n gholfdag prys, maak van toebroodjies vir ons broodjieprojek by Laerskool Die Poort, skenking van klere en huisgoed en nog baie meer. Julle is ons helde en maak ons hande sterk!
Al hierdie vrywillige aksies maak direk 'n verskil aan die armoede van kinders en gesinne in ons omgewing.

# 10 Raak deel

Kom raak deel van Kamcare se span en raak betrokke op grondvlak. Ons het donasies en hande baie nodig en sal dit baie waardeer omdat ons geen staatsbefondsing kry nie. Vir geldelike donasies kan ons 'n artikel 18(a) kwitansie uitreik wat belastingaftrekbaar is.

Kontak gerus vir Liezel by 072 150 3994.

Ons waardeer jou betrokkenheid by ons!

